## BEGINSELS VAN ONS WYSHEIDSIRKEL:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net
www.neo-spektrum.com
Facebook: Neo-Spektrum

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre is regs)
Durbanville

## BESONDERHEDE VIR EPOS EN SMS NUUS

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

______________________________________________

**Spesiale Versoeke/Opmerkings**

**Navrae** ______________________________

**Voorstelle** ______________________________

**Besoek asb** ______________________________

**Handig asseblief in by Terblanche**

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-309**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |

# Neo-Spektrum

## 30 Oktober 2011

# Vertroue en Verandering

**"If you don't create change,
change will create you"**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ PASTORALE — SECRET GARDEN ~

## VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Almagtige Liefde en Ewige Lewe
ons kom uitasem na U toe vandag,
opsoek na die vrede wat net U kan gee
Ons kom in stilte met 'n gerustheid
dat ons harte hier tot bedaring kom.
Ons wag in afwagting en ontvanklikheid
om nuut en anders hier in te gaan
en verander hiervandaan te vertrek.
Kultiveer ons bewussyn; verfyn ons aanvoeling;
maak ons sensitief in U teenwoordigheid
sodat ons 'n refleksie van Liefde sal wees -
deurweek en deurleef met die Lewe
wat in en deur ons vloei.

## STILTE VAN BINNE

~ DREAMS OF SILENCE — VANGELIS ~

## STILTE EN NADENKE

# GESPREKSIRKEL

## 1. VERTROUE IN VERANDERING (ONDERSKEIDING)

*"God, grant me the serenity to accept the things I cannot change,*
*the courage to change the things I can,*
*and the wisdom to know the difference."* (Reinhold Niebuhr)

## 2. DIE NUWE (NEO) IS VERNUWING (ONTDEKKING)

Neo-Spektrum erken ons Christelike Tradisie. Daarvoor het ons respek en waardering. As mens wat leef in die 21ste eeu wil ons op 'n moderne en gesofistikeerde manier hierdie tradisie eer en bestudeer.

Hier wil ons 'n Godsbeskouing verken wat sonder vorm, dimensie of definisie is. Ons verhouding met God moet toepaslik en betekenisvol wees vir die tyd waarin ons leef. Ons ervaring daarvan moet sinvol, dinamies, relevant en soepel wees. NEO – is ook 'n Nuwe Ekumeniese Oopgesprek wat nuut, toepaslik, herlewend en veranderend wil dink en funksioneer.

## 3. SPEKTRUM VAN LIG DEUR VERSOENING (ONTHOU)

Spektrum is 'n sirkel waarvan die middelpunt oral en die omtrek allesinsluitend is. Die reënboog is 'n simbool van hoop, veiligheid, nuut en drome vir 'n behoort waar ons onthou wie ons is en dat daar geen verwydering bestaan tussen ons en God of ons en ons ewemens nie.

Die sewe kleure simboliseer nie net 'n reënboog in die lug nie maar die eindelose vloei van kleurvolle lig van menswees op aarde waarvan die refleksie die vier elemente (water, lug, aarde en vuur) simboliseer.

## 4. LIG, LIGGAME EN VERLIGTING (ONDERSTEUNING)

Your peace lies in its limitlessness. Limit the peace you share, and your Self must be unknown to you. Every altar to God is part of you, because the light He created is one with Him. Would you cut off a brother from the light that is yours? You would not do so if you realized that you can darken only your own mind. As you bring him back, so will you return. That is the law of God, for the protection of the Wholeness.

***NEO-SPEKTRUM*** *is 'n Spiritualiteit Sirkel wat funksioneer as*
*'n kommunaliteit van interaktiewe gemeenskaplikheid*
*op die beginsels van 'n Wysheidsirkel.*

*"Gardens are not made by singing* ***'Oh, how beautiful,'*** *and sitting in the shade."*
~ Rudyard Kipling ~

# ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

**Giving transforms Having into Being**

~ ONE MAN'S DREAM — YANNI ~

### SEËNBEDE

*Dit was 'n maand wat 'n nuwe seisoen*
*met oorvol, oorloop, oorgenoeg seëninge gebring het.*
*Die* **GOEIE** *dae was toe ons onthou het dat alles verander*
*en dat ons altyd 'n keuse het hoe ons gaan reageer op dit wat gebeur.*
*Die* **BETER** *dae was toe ons nie vergeet het waar ons vandaan kom*
*en waarheen ons op pad is nie.*
*Die* **BESTE** *dae was dae van herinnering dat ons vertroue*
*nie afhang van ons omstandighede of situasie nie.*
*Verander ons. Vernuwe ons.*
*Laat ons die betekenis van 'n nuwe seisoen besef en beleef.*

---

### AS ONS UITSTAP

~ DIE WEDUWEE SE KRUIK — LUKAS MAREE ~

*Ons almal is maar bang dat die liefde dalk sal opraak*
*Dus probeer ons dit tot sterwens toe bewaak*
*En dan bêre jy dit suinig in die hart se diepste kluis*
*En hou jou naaste op 'n afstand met jou vuis*

*Maar dit is die goeters wat mens weggee wat jou ryk maak*
*En dit is daarmee wat jy mense om jou raak*
*Want wat beteken liefde as jy dit nie gaan gebruik nie*
*Of 'n blom se geur as niemand daaraan ruik nie*

*Ek vermoed die hart werk soos die weduwee se kruik*
*Wat vol bly, selfs al sou sy dit gebruik*
*Ek vermoed die hart werk soos die weduwee se kruik*
*En die liefde, is die olie in sy buik*

*Dit is eintlik so eenvoudig en tog almal murmureer*
*Want die liefde het 'n les wat baie min van ons ooit leer*
*Jy kan nie liefde optel, soos in boekhou balanseer nie*
*Want die liefdeswins se som bly omgekeer.*

---